(4) (a) A voters' list prepared and updated by the electoral officer concerned shall be available for public inspection, at a conspicuous place at the office of the local authority concerned and at such other places as the said electoral officer may direct, for a period of 30 days ending not less than 30 days before polling day and prescribed by the said electoral officer in a notice and affixed to the notice board of the said local authority, during which period any person desiring to be enrolled on such list or objecting to the enrolment of any other person on such list may lodge with the said electoral officer, for consideration, his application for or objection to enrolment.

(b) On the expiry of the period referred to in paragraph (a), the voters' list prepared and updated or amended by the said electoral officer in the light of any applications or objections referred to in paragraph (a), shall be certified by him as the final and conclusive list for the ward concerned.

(c) A voters' list prepared for a ward and certified as provided in paragraph (b) shall be the only valid voters' list for any ensuing election held in respect of such ward and shall remain so valid and current until such time as such ward is re-delimited or a new list is pepared therefor in the manner laid down in these regulations.

(5) (a) It shall be the exclusive duty and obligation of a voter to ensure that he is enrolled on a voters' list.

(b) No claim shall lie against any local autority or electoral officer for a *bona fide* failure or omission to enrol any person on a voters' list.

(c) The appearance of any person's name on a voters' list shall be *prima facie* proof of his right to vote in an election in respect of the ward concerned.

(d) Subject to the provisions of section 8 (1) (c) of the Act, no person's name shall be enrolled on any voters' list prepared for a particular ward, unless such person is lawfully resident in the area of the local aurhority concerned or is the owner of immovable property in the area of that local authority on the date of such enrolment.

(6) Indien enigiets wat regtens by die opstel of hersiening van 'n kieserlys gedoen moet word per ongeluk, per abuis of deur onoplettendheid verkeerd gedoen word of nagelaat word, kan die direkteur—

(a) Indien hy oortuig is dat die onreëlmatigheid klaarblyklik van 'n geringe of suiwer tegniese aard is en dat niemand wesenlik daardeur benadeel sal word nie, sodanige onreëlmatigheid kondoneer; of

(b) indien hy van mening is dat die onreëlmatigheid van 'n ernstige aard is, gelas dat die stappe gedoen word wat hy nodig ag om die onreëlmatigheid reg te stel.

Besonderhede wat op kieserslys getoon moet word

6. Behalwe waar die direkteur anders bepaal, word slegs die besonderhede hieronder gespesifiseer op 'n kieserslys getoon ten opsigte van persone wat daarop ingeskryf is:

(a) In die geval van persone wat in gesinskwartiere woon, die volgende besonderhede:

(i) Die volgnommer en adres;

(ii) die identiteitsnommer van die betrokkene;

(iii) die betrokkene se van en onmiddellik daarna sy voorname of voorletters;

(b) in die geval van persone wat in enkelkwartiere woon, die volgende besonderhede:

(i) die volgnommer en bednommer;

(ii) die identiteitsnommer van die betrokkene;

(iii) die betrokkene se van en onmiddellik daarna sy voorname of voorletters.

Druk of duplisering van kieserslyste

7. (1) Na oorlegpleging met die plaaslike owerheid, as daar is, laat die betrokke verkiesingsbeampte die kieserslys, gesertifiseer soos bepaal in regulasie 4 (4) (b), afdruk of dupliseer as 'n las teen sodanige plaaslike owerheid en laat afskrifte daarvan beskikbaar stel in die kantoor van die plaaslike owerheid gedurende sy normale kantoorure en op sodanige ander plekke en gedurende sodanige tye as wat genoemde verkiesingsbeampte bepaal.

(2) Enigeen het die reg om teen betaling van die gelde deur die betrokke verkiesingsbeampte bepaal na oorlegpleging met die plaaslike owerheid, as daar is, 'n redelike aantal van die afskrifte van die kieserslys bedoel in subregulasie (1) te verkry.

HOOFSTUK IV

VERKIESINGS

Algemene verkiesings

8. 'n Algemene verkiesing van al die lede van 'n plaaslike owerheid word gedurende elke vyfde jaar gehou op 'n datum deur die Administrateur kragtens artikel 7 (1) van die Wet bepaal: Met dien verstande dat die eerste algemene verkiesing wat na die inwerkingtreding van hierdie regulasies gehou staan te word, op 26 Oktober 1988 gehou word.

Tussenverkiesings

9. 'n Verkiesing om 'n vakature in die amp van 'n lid van 'n plaaslike owerheid te vul, word gehou binne ses maande na die datum waarop die Administrateur ingevolge artikel 9 (2) (a) van die Wet gelas het dat sodanige verkiesing gehou moet word.

Nominasie van kandidate vir verkiesing

10. (1) Die verkiesingsbeampte moet—

(a) binne drie maande of die langer tydperk wat die direkteur bepaal, na die instelling van 'n plaaslike owerheid, en daarna minstens 30 dae voor 'n algemene verkiesing gehou staan te word of minstens 30 dae voor die datum deur die Administrateur bepaal ingevolge artikel 7 van die Wysigingswet op Staatkundige Aangeleenthede, 1985 (Wet 104 van 1985), of

(6) If anything required by law to be done in the preparation or revision of a voters' list is by accident or through an inadvertance done erroneously or is omitted to be done, the director may—

(a) if he is of the opinion that the irregularity obviously is trivial or purely of a technical nature and that nobody will be substantially prejudiced thereby, he may condone such irregularity; or

(b) if he is of the opinion that the irregularity is of a serious nature he may give instruction that steps be taken which he deems necessary to rectify the irregularity.

Particulars to be reflected on voters' list

6. Save where the director determines otherwise, only the particulars specified below shall be reflected on a voters' list in respect of persons enrolled thereon:

(a) In the case of persons resident in family quarters the following particulars:

(i) A serial number and address;

(ii) the identity number of the person concerned;

(iii) the surname of the person concerned and directly thereafter his christian names or initials;

(b) in the case of persons resident in single quarters the following particulars:

(i) A serial number and bed number;

(ii) the identity number of the person concerned;

(iii) the surname of the person concerned and directly therafter his christian names or initials.

Printing or duplication of voters' lists

7. (1) Upon consultation with the local authority, if any, the electoral officer concerned shall cause the voters' list certified as provided in regulation 4 (4) (b) to be printed or duplicated as a charge upon such local authority and copies thereof to be made available at the office of such local authority during its normal office hours and at such other places and during such times as the said electoral officer may determine

(2) Any person shall be entitled, on payment of such charges as the electoral officer concerned may determine after consultation with the local authority, if any, to obtain a reasonable number of the copies of the voters' list referred to in subregulation (1).

CHAPTER IV

ELECTIONS

General elections

8. A general election of all the members of a local authority shall be held during every fifth year on a date determined by the Administrator under section 7 (1) of the Act: Provided that the first general election to be held after these regulations have come into operation, will be held on 26 October 1988.

By-elections

9. An election to fill a vacancy in the office of a member of a local authority shall be held within six months of the date on which the Administrator under section 9 (2) of the Act has directed that such election be held.

Nomination of candidates for election

10. (1) The electoral officer shall—

(a) within three months or such longer period as the director may determine after the establishment of a local authority, and thereafter at least 30 days before a general election is to be held or at least 30 days before the date which the Administrator determines in terms of section 7 of the Constitutional Affairs Amendment Act, 1985 (Act 104 of 1985), or

(b) binne drie maande nadat die Administrateur kragtens artikel 9 (2) (a) van die Wet gelas het dat 'n tussenverkiesing gehou word, om 'n vakature op 'n plaaslike owerheid te vul, in 'n kennisgewing in albei amptelike tale wat gepubliseer word in minstens een nuusblad wat gewoonlik in die gebied waarvoor sodanige plaaslike owerheid ingestel is, in omloop is en in 'n kennisgewing in albei amptelike tale wat op die kennisgewingbord by die kantoor van sodanige plaaslike owerheid vertoon word, om die nominasie vra van kandidate vir verkiesing tot lede van sodanige plaaslike owerheid of vir die vulling van sodanige vakture, na gelang van die geval.

(2) Die kennisgewings in subregulasie (1) bedoel, vermeld—

(a) die plek waar en die datum en uur waarvoor nominasies deur die verkiesingsbeampte ontvang word, welke datum minstens 14 dae en hoogstens 21 dae na die datum van eerste publikasie van sodanige kennisgewing moet wees; en

(b) die plekke waar en die datum, uitgesonderd 'n Sondag, waarop daar gestem word.

(3) (a) Kandidate vir verkiesing tot 'n lid of lede van 'n plaaslike owerheid moet genomineer word op 'n vorm wesenlik soos in Aanhangsel A van hierdie regulasies welke nominasievorm van die betrokke verkiesingbeampte of van sodanige plaaslike owerheid, indien daar is, verkrygbaar is en wat nadat dit ingevul is, by genoemde verkiesingsbeampte ingedien word.

(b) Elke ingevulde nominasievorm in paragraaf (a) bedoel moet die volgende bevat:

(i) Die genomineerde se skriftelike aanvaarding van sy nominasie; en

(ii) ter stawing van sodanige nominasie, die volle name, woonadresse en handtekeninge van 2 of meer persone wat as kiesers ingeskryf is ten opsigte van die wyk waarvoor sodanige nominasie gedoen is.

(4) Indien net een kandidaat vir verkiesing ten opsigte van 'n bepaalde wyk genomineer of indien die regsgebied van 'n plaaslike owerheid nie in wyke ingedeel is nie daar nie meer kandidate genomineer is as die getal lede waaruit daardie plaaslike owerhede bestaan nie, verklaar die betrokke verkiesingsbeampte sodanige kandidaat of kandidate tot behoorlik verkose lid of lede ten opsigte van die genoemde wyk of die genoemde plaaslike owerheid met ingang van die verkiesingsdatum soos by artikel 7 van die wet beoog.

(5) Die verkiesingsbeampte moet so gou doenlik, maar binne hoogstens 14 dae na die datum in subregulasie (2) (a) bedoel ten opsigte van die ontvang van nominasies, 'n kennisgewing op die kennisgewingbord by die kantoor van die plaaslike owerheid laat aanbring, waarin hy—

(a) die name vermeld van die kandidate wat ingevolge subregulasie (3) behoorlik genomineer is ten opsigte van die betrokke wyke of plaaslike owerheid;

(b) die name vermeld van die kandidate wat onbestrede is en wat ingevolge subregulasie (4) tot behoorlike verkose lede verklaar is ten opsigte van die betrokke wyke of plaaslike owerheid.

Deposito's wat deur genomineerde kandidate gemaak moet word

(1) Ten tyde van die nominasie van 'n kandidaat ingevolge regulasie 10 (3) (a) moet 'n bedrag van R300 (of sodanige mindere bedrag as wat die direkteur ten opsigte van 'n bepaalde verkiesing in 'n bepaalde wyk bepaal) deur of ten behoewe van sodanige kandidaat by die verkiesingsbeampte gedeponeer word.

(b) within three months of a direction by the Administrator under section 9 (2) of the Act that an election be held to fill a vacancy in a local authority in a notice drafted in both official languages and published in at least one newspaper normally circulating in the area for which such local authority has been established and in a notice drafted in both official languages and displayed on the notice board at the office of such local authority, call for candidates to be nominated for the election of members of such local authority or for the filling of such vacancy as the case may be.

(2) The notices referred to in subregulation (1) shall specify—

(a) the place at which and the date and hour before which nominations will be received by the electoral officer, which date shall be not less than 14 days and not more than 21 days after the date of first publication of such notice; and

(b) the places at which and the date, other than a Sunday, on which polling shall take place.

(3) (a) Candidates for the election of a member or members of a local authority shall be nominated in a form substantially the same as Annexure A to these regulations, which nomination form shall be obtainable from the electoral officer concerned or from such local authority, if any, and shall on completion be lodged with the said electoral officer.

(b) Every completed nomination form referred to in paragraph (a) shall—

(i) contain the nominee's written acceptance of his nomination; and

(ii) in support of such nomination, contain the full names, residential addresses and signatures of 2 or more persons enrolled as voters in respect of the ward for which such nomination is made.

(4) If not more than one candidate has been nominated for election in respect of any particular ward, or, where the area of jurisdiction of a local authority is not delimited into wards, not more candidates than the number of members such local authority consists of have been nominated, the electoral officer concerned shall declare such candidate or candidates to have been duly elected a member in respect of the said ward or the said local authority with effect from the election date contemplated in section 7 of the Act.

(5) As soon as practicable, but not later than 14 days after the date contemplated in subregulation (2) (a) in respect of the receipt of nominations, the electoral officer shall cause a notice to be affixed to the notice board at the office of the local authority stating—

(a) the names of the candidates duly nominated under subregulation (3) in respect of the wards or local authority concerned;

(b) the names of the candidates unopposed and declared under subregulation (4) to have been duly elected members in respect of the wards or local authority concerned.

Deposits to be made by candidates nominated

11. (a) At the time of the nomination of a candidate under regulation 10 (3) (a), an amount of R300 (or such lesser amount as the director may determine in respect of a particular election in a particular ward) shall be deposited with the electoral officer by or on behalf of such candidate.

(2) (a) Indien by die daaropvolgende stemming ten opsigte van 'n wyk, die totale getal stemme wat ten gunste van die onsuksesvolle kandidaat uitgebring is, minder is as een vyde van die getal stemme wat ten gunste van die suksesvolle kandidaat uitgebring is, word die bedrag wat deur of ten behoewe van sodanige onsuksesvolle kandidaat ingevolge subregulasie (1) gedeponeer is, verbeur en word dit in die fondse van die plaaslike owerheid gestort.

(b) Behoudens die bepalings van paragraaf (a) is die deposito wat deur of ten behoewe van 'n kandidaat betaal is (met inbegrip van 'n kandidaat wat ingevolge regulasie 10 (4) tot behoorlik verkose lid verklaar is) terugbetaalbaar.

Agente van kandidate

12. (1) (a) 'n Behoorlik genomineerde kandidaat by 'n verkiesing van lede kan op 'n vorm wesenlik soos in Aanhangsel B van hierdie regulasies, een of meer agente aanstel om hom behulpsaam te wees.

(b) 'n Kandidaat vermeld in paragraaf (a) moet die betrokke verkiesingsbeampte skriftelik in kennis stel van die naam en adres van elke sodanige agent deur hom aangestel.

(2) Sodanige kandidate en slegs een sodanige agent per kandidaat word toegelaat om op 'n bepaalde tydstip binne 'n stemlokaal of by enige plek waar stemme getel word, teenwoordig te wees.

(3) Iemand wat kragtens subregulasie (1) as 'n agent aangestel is, moet wanneer hy daartoe versoek word, sy aanstellingsbrief toon aan die verkiesingsbeampte, voorsittende beampte of stemopnemer, na gelang van die geval.

Aanstelling van verkiesingspersoneel

13. Voor 'n verkiesing ingevolge hierdie regulasies, stel die betrokke verkiesingsbeampte die volgende persone skriftelik aan ten opsigte van elke stemburo:

(a) 'n Voorsittende beampte, wat genoemde verkiesing ooreenkomstig hierdie regulasies by sodanige stemburo hou en beheer;

(b) soveel stemopnemers en getuies as wat hy nodig ag om te verseker dat die stemming by sodanige stemburo doeltreffend gehou en beheer word;

(c) soveel tellers was wat hy nodig ag om die stemme te tel na die sluiting van die stemming.

Stemburo's

14. (1) Die verkiesingsbeampte stel een of meer stemburo's in of wys dit aan vir elke wyk, alwaar die betrokke kiesers hulle stemme kan uitbring.

(2) 'n Kieser stem slegs by die stemburo wat ingevolge subregulasie (1) ingestel of aangewys is vir die wyk ten opsigte waarvan hy as kieser ingeskryf is.

Ure van stemming

15. 'n Stemming begin op die dag en tyd deur die Administrateur ingevolge artikel 7 (2) van die Wet bepaal: Met dien verstande dat die voorsittende beampte elke kieser wat op die voorafbepaalde sluitingstyd van die stemming binne die stemlokaal is, toelaat om sy stem uit te bring voor die sluiting van stemme.

Voorsiening van toerusting

16. (1) Die verkiesingsbeampte—

(a) reël dat daar by elke stemburo in sodanige wyk alle stemhokkies, stembusse, stembriewe, toestelle om die stembriewe met die amptelike merk te merk, seëls, afskrifte van kieserslyste en ander toerusting en skryfbehoeftes voorsien word wat vir 'n verkiesing nodig is;

(2) (a) If at the ensuing poll in respect of a ward the total number of votes recorded in favour of the unsuccessful candidate is less than one fifth of the number of votes recorded in favour of the successful candidate, the deposit made by or on behalf of such unsuccessful candidate under subregulation (1) shall be forfeited and shall be paid into the funds of the local authority.

(b) Subject to the provisions of paragraph (a), the deposit made by or on behalf of a candidate (including a candidate declared under regulation 10 (4) to have been duly elected a member), shall be refundable.

Agents of candidates

12. (1) (a) Any duly nominated candidate in an election of members may, in a form substantially the same as Annexure B to these regulations, appoint one or more agents to assist him.

(b) A candidate referred to in paragraph (a) shall in writing notify the electoral officer concerned of the name and address of each such agent appointed by him.

(2) Such candidates and only one such agent per candidate shall be allowed to be present, at any particular time, inside any polling apartment or any place where votes are counted.

(3) Any person appointed in terms of subregulation (1) to be an agent shall when so requested produce his letter of appointment to the electoral officer, presiding officer or polling officer, as the case may be.

Appointment of election staff

13. Prior to an election under these regulations, the electoral officer concerned shall in writing appoint in respect of every polling station—

(a) a presiding officer, who shall, at such polling station, hold and control the said election in accordance with these regulations;

(b) such number of polling officers and witnesses as he may deem necessary to ensure that the poll at such polling station is effectively held and controlled;

(c) such number of counting officers as he may deem necessary to count the votes after the close of the poll.

Polling stations

14. (1) The electoral officer shall establish or designate for each ward one or more polling stations, at which the voters concerned may record their votes.

(2) A voter shall vote only at the polling station established or designated under subregulation (1) for the ward in respect of which he has been enrolled as a voter.

Hours of poll

15. A poll shall commence on a date and at a time determined by the Administrator in terms of section 7 (2) of the Act: Provided that the polling officer shall permit every voter who at a previously determined closing time of poll is within the polling apartment to record his vote before the close of poll.

Provision of equipment

16. (1) The electoral officer shall—

(a) cause to be provided at each polling station in such ward all such polling booths, ballot boxes, ballot papers, instruments for marking ballot papers with the official mark, seals, copies of voters' lists and other equipment and stationary as may be necessary for an election;

(b) doen sodanige ander stappe en tref sodanige ander reëlings as wat hy nodig of wenslik ag ten einde te verseker dat die verkiesing doeltreffend gehou en beheer word.

(2) Alle toerusting, skryfbehoeftes en ander benodigdhede wat ingevolge subregulasie (1) (a) voorsien word en alle uitgawes wat by die toepassing van subregulasie (1) (b) aangegaan word, word gedebiteer teen die rekening van die betrokke plaaslike owerheid, hetsy ingestel of ingestel staan te word.

Handhawing van orde by stemburo

17. (1) Die voorsittende beampte by 'n stemburo handhaaf die orde aldaar, reël hoeveel kiersers tegelyk binnegelaat word en hou alle ander persone buite, uitgesonderd die verkiesingsbeampte, die kandidate, hul agente die aangestelde verkiesingspersoneel, polisiebeamptes en ander beamptes op diens.

(2) (a) Behoudens die uitsondering bedoel in subregulasie (1) kan die voorsittende beampte by 'n stemburo enigeen (uitgesonderd 'n persoon wat sy stem uitbring) gelas om sodanige stemburo te verlaat.

(b) Enigeen wat versuim om 'n stemburo te verlaat wanneer hy ingevolge paragraaf (a) daartoe gelas word, kan in opdrag van die voorsittende beampte sonder lasbrief in hegtenis geneem word en is aan 'n misdryf skuldig.

(3) Die voorsittende beampte by 'n stemburo kan, na oorlegpleging met die polisie, hetsy aldaar op diens of elders, sodanige stappe doen as wat hy dienstig ag ter beskerming van homself en ander verkiesingspersoneel of om geweldpleging by of in die omgewing van sodanige stemburo te beëindig of te voorkom.

(4) Die bevoegdhede by hierdie regulasie verleen, word nie so uitgeoefen dat dit 'n kieser wat andersins geregtig is om by 'n stemburo te stem, verhinder om 'n geleentheid te kry om sy stem aldaar uit te bring nie.

Verklaring van geheimhouding

18. (1) Voor die begin van die stemming moet elke voorsittende beampte voor die verkiesingsbeampte of 'n vrederegter of 'n kommissaris van ede, en elke stemopnemer, kandidaat, agent, getuie of enige ander persoon of beampte (uitgesonderd 'n polisiebeampte) wat geregtig is om in 'n stemburo of by die tel van stemme teenwoordig te wees, voor die verkiesingsbeampte of die voorsittende beampte of 'n vrederegter of 'n kommissaris van ede, in 'n vorm wesenlik soos in Aanhangsel C van hierdie regulasies, in duplikaat, 'n beëdigde verklaring van geheimhouding aflê, en voor die aanvang van die tel van stemme moet elke teller sodanige verklaring in genoemde vorm voor die verkiesingsbeampte of die voorsittende beampte aflê.

(b) Die verkiesingsbeampte en 'n voorsittende beampte word hierby gemagtig om die eed bedoel in paragraaf (a) af te neem.

(2) (a) Voor die begin van die stemming of voor die aanvang van die tel van stemme, na gelang van die geval, word die oorspronklike van die verklaring van geheimhouding bedoel in subregulasie (1) (a) aan die verkiesingsbeampte oorhandig deur die persoon wat sodanige verklaring afgelê het.

(b) Die persoon bedoel in paragraaf (a) moet die duplikaat van genoemde verklaring van geheimhouding te alle tye gedurende die stemming of die tel van stemme in sy besit hê en moet sodanige duplikaat op aanvraag aan die verkiesingsbeampte of die voorsittende beampte vir inspeksie voorlê.

(b) take such other steps and make such other arrangements as he may deem necessary or advisable to ensure that the election is effectively held and controlled.

(2) Any equipment; stationary and other requirements supplied under subregulation (1) (a) and any expenditure incurred for the purpose of subregulation (1) (b), shall be charged to the account of the local authority concerned, whether established or to be established.

Maintenance of order at polling station

17. (1) The presiding officer at a polling station shall keep order there, shall regulate the number of voters to be admitted at a time, and shall exclude all other persons except the electoral officer, the candidates, their election agents, the appointed election staff, policemen and other officials on duty.

(2) (a) Save as is expected by subregulation (1), the presiding officer at a polling station may direct any person (other than a person recording his vote) to leave such polling station.

(b) Any person who when directed under paragraph (a) to leave a polling station fails to do so may, on the order of the presiding officer, be arrested without warrant and shall be guilty of an offence.

(3) The presiding officer at a polling station may take such steps as he, after consultation with the police, whether on duty there or elsewhere, may deem expedient for the protection of himself and other election staff or for stopping or preventing violence at or in the vicinity of such polling station.

(4) The powers conferred by this regulation shall not be so exercised as to prevent any voter who is otherwise entitled to vote at a polling station from having an opportunity or recording his vote there.

Declaration of secrecy

18. (1) (a) Prior to the opening of the poll every presiding officer shall before the electoral officer or a justice of the the peace or a commissioner of oaths, and every polling officer, candidate, agent, witness or any other person or official (other than a policeman) entitled to attend at a polling station or at the counting of votes shall before the electoral officer or the presiding officer or a justice of the peace or a commissioner of oaths, make induplicate, in a form substantially the same as Annexure C to these regulations, a declaration of secrecy on oath, and prior to the commencement of the counting of votes every counting officer shall make such declaration, in the said form, before the electoral officer or the presiding officer.

(b) The electoral officer and a presiding officer is hereby authorised to administer the oath referred to in paragraph (a).

(2) (a) Before the opening of the poll or before the commencement of the counting of votes, as the case may be, the original of the declaration of secrecy referred to in subregulation (1) (a) shall be handed to the electoral officer by the person having made such declaration.

(b) The person referred to in paragraph (a) shall at all times during the poll or the counting of votes have the duplicate of the said declaration of secrecy in his possession and on demand shall produce such duplicate to the electoral officer or the presiding officer for inspection.

Verseëling van stembusse

19. (1) Die voorsittende beampte by 'n stemburo moet in teenwoordigheid van sodanige van die kandidate of agente (as daar is) as wat teenwoordig is—

(a) voor die begin van die stemming en voordat hy 'n bykomende stembus beskikbaar stel vir gebruik by die stemming, elke stembus verseël maar 'n opening laat waardeur stembriewe in sodanige stembus ingesit kan word;

(b) by die sluiting van die stemming, die opening vermeld in paragraaf (a), verseël.

(2) So gou doenlik na die sluiting van die stemming moet elke voorsittende beampte in die teenwoordigheid van die kandidate of agente wat teenwoordig mag wees afsonderlike pakkette opmaak van—

(a) elke stembus wat aan hom toevertrou is, onoopgemaak, maar met die sleutel daaraan, bevestig;

(b) die ongebruikte en bedorwe stembriewe;

(c) die aangebode stembriewe;

(d) die gemerkte afskrifte van die kieserslys;

(e) die teenblaaie van die stembriewe; en

(f) die "lys van aangebode stemme" en "die lys van stemme deur die voorsittende beampte gemerk" en 'n verklaring van die aantal kiesers wie se stemme aldus deur hom gemerk is onder die hoof "liggaamlike ongeskiktheid"

welke pakkette met sy eie seël en die seëls van sodanige kandidate of agente wat hulle seëls wil aanbring, verseël word.

(3) Genoemde pakkette gaan vergesel van 'n opgawe wat die voorsittende beampte maak op 'n vorm wesenlik soos in Aanhangsel E van hierdie regulasies, in welke opgawe hy die getal stembriewe deur hom ontvang, toon en waarin hy van hulle rekenskap gee onder die hoofde "Stembriewe in die stembus", "Ongebruikte stembriewe", "Bedorwe stembriewe" en " Aangebode stembriewe".

(4) Aan elkeen van die pakkette in subregulasie (2) bedoel en ook aan die opgawe in subregulasie (3) bedoel, word 'n etiket in 'n vorm wesenlik soos in Aanhangsel F van hierdie regulasies, aangebring.

(5) Die verkiesingsbeampte moet by ontvangs van die stembriewe in subregulasie (2) bedoel, sodanige stembriewe onoopgemaak in veilige bewaring hou totdat die stemme getel word.

Wyse van stemming

20. (1) Die stemming by alle verkiesings geskied by wyse van geheime stemming en ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies.

(2) (a) Die stembrief wat deur die kieser gebruik moet word om sy stem uit te bring, moet in beide amptelike tale en in 'n vorm wesenlik soos in Aanhangsel D van hierdie regulasies wees.

(b) Die name van al die behoorlik genomineerde kandidate by die verkiesing in die betrokke wyk, tesame met hul onderskeie adresse en beroepe moet in alfabetiese volgorde op elke stembrief gedruk of geskryf word.

(c) 'n Stemopnemer moet, voordat hy 'n stembrief oorhandig aan iemand wat wil stem, kontroleer of die amptelike merk op die keersy daarvan aangebring is en moet dit indien nodig, aldus laat merk.

(3) Iemand wat wil stem, doen by 'n stemopnemer aansoek om 'n stembrief en lê aan sodanige stemopnemer sy identiteitsdokument voor ter bevestiging van sy identiteit of die beëidigde verklaring van 'n persoon wat homself reeds by wyse van 'n identiteitsdokument geïdentifiseer het as 'n kieser vir die betrokke wyk.

Sealing of ballot boxes

19. (1) The presiding officer at a polling station, in the presence of such of the candidates or agents (if any) as may be in attendance, shall—

(a) before the commencement of the poll, and before making any additional ballot box available for use at the poll, seal each ballot box, leaving an opening through which ballot papers may be inserted into such ballot box:

(b) at the close of the poll, seal the opening referred to in paragraph (a).

(2) As soon as possible after close of the poll, each presiding officer, in the presence of the candidates or agents as may be in attendance, shall make up into separate packets—

(a) each ballot box entrusted to him, unopened but with the key attached thereto:

(b) the unused and spoiled ballot papers;

(c) the tendered ballot papers;

(d) the marked copies of the voter's lists;

(e) the counterfoils of the ballot papers; and

(f) the "list of tendered votes" and the "list of votes marked by the presiding officer" and a declaration by him of the number of voters whose votes he has marked under the heading "physical disability",

which packets shall be sealed with his own seal and the seals of such candidates or agents who desire to affix their seals thereto.

(3) The said packets shall be accompanied by a return made by the presiding officer on a form substantially the same as Annexure E to these regulations, in which return he shall reflect the number of ballot papers received by him and account for them under the headings "Ballot papers in the ballot box". "Unused ballot papers". "Spoiled ballot papers" and "Tendered ballot papers".

(4) To each of the packets referred to in subregulation (2), and also to the return referred to in subregulation (3), there shall be affixed a label in a form substantially the same as Annexure F to these regulations.

(5) Upon receipt of the ballot papers referred to in subregulation (2), the electoral officer shall retain them unopened in safe custody until the counting of votes.

Manner of voting

20. (1) The voting in all elections shall be by secret ballot and in accordance with the provisions of these regulations.

(2) (a) The ballot paper to be used by a voter in recording his vote shall be in both official languages and in a form substantially the same as Annexure D to these regulations.

(b) There shall be printed or written on every ballot paper, in alphabetical order, the names of all the duly nominated candidates in the election in the ward concerned, together with their respective addresses and occupations.

(c) A polling officer, before handing a ballot paper to a person desiring to vote, shall verify whether the reverse thereof has been marked with the official mark and, if necessary, shall cause it to be so marked.

(3) A person wishing to vote shall apply to a polling officer for a ballot paper and, to confirm his identity, shall produce his identity document to such polling officer, or a declaration made under oath by a person who has already identified himself by means of an identity document as a voter for the ward concerned.

(4) Indien 'n kandidaat of 'n agent of 'n kieser voor die voorsittende beampte by 'n stemburo 'n beëdigde verklaring afgelê dat 'n persoon wat op die kieserslys ingeskryf is, oorlede is of dat bedoelde persoon weens siekte, afwesigheid of om 'n ander rede verhinder word om by sodanige stemburo teenwoordig te wees ten einde by die verkiesing wat dan gehou word, sy stem uit te bring, weier die stemopnemer of stemopnemers, na gelang van die geval, om 'n stembrief uit te reik aan enigeen wat daarom aansoek doen in die naam van die persoon wat die onderwerp van sodanige verklaring is, tensy genoemde aansoeker sy identiteit tot tevredenheid van die betrokke stemopnemer bewys of voor genoemde voorsittende beampte 'n beëdigde verklaring aflê dat hy inderdaad die persoon is wat op die kieserslys vir die wyk ingeskryf is en dat die bewerings in eersbedoelde verklaring, wat aan hom voorgelees moet word, nie korrek is nie.

(5) (a) Aan die voorsittende beampte by 'n stemburo word hierby die gevoegdheid verleen om 'n eed in subregulasie (4) bedoel af te neem.

(b) Iemand wat in 'n verklaring bedoel in subregulasie (4) 'n valse bewering maak, wetende dat sodanige bewering vals is, is aan 'n misdryf skuldig.

(6) Behoudens die bepalings van subregulasie (4), word 'n verkiesing geen navraag gedoen omtrent enigeen se identiteit of sy reg om te stem nie: Met dien verstande dat, indien iemand sy identiteit op die wyse by subregulasie (3) voorgeskryf bewys het, die voorsittende beampte, voordat sodanige persoon toegelaat word om te stem, aan sodanige persoon een van of albei die volgende vrae, maar geen ander nie, uit eie beweging kan stel of op versoek van 'n kandidaat of 'n agent van 'n kandidaat, moet stel, naamlik:

(a) Is u die persoon wie se naam A B op die kieserslys vir hierdie wyk voorkom?

(b) Het u reeds by hierdie verkiesing in hierdie of in 'n ander wyk gestem?

(7) (a) Iemand wat versuim om sy identiteit op die wyse in subregulasie (3) voorgeskryf te bewys, of wat nie die vraag in subregulasie (6) (a) bedoel, ondubbelsinning en sonder voorbehoud bevestigend en die vraag in subregulasie (6) (b) bedoel ondubbelsinnig en sonder voorbehoud, ontkennend beantwoord nie, word nie toegelaat om te stem nie.

(b) Iemand wat op enigeen van die vrae in subregulasie (6) bedoel, 'n valse antwoord gee, is aan 'n misdryf skuldig.

(8) (a) Die voorsittende beampte van 'n stemburo kan by sodanige of 'n ander stemburo die navrae doen wat hy dienstig ag ten einde 'n antwoord op enigeen van die twee vrae bedoel in subregulasie (6), te verifieer.

(b) Sodanige voorsittende beampte kan voorts gelas dat enigeen wat hy op redelike gronde daarvan verdink dat hy opsetlik 'n valse antwoord gegee het op enigeen van die vrae bedoel in subregulasie (6) of dat hy hom vir iemand anders uitgee soos in regulasie 43 bedoel, sonder lasbrief in hegtenis geneem word.

(c) 'n Voorsittende beampte se bevel bedoel in paragraaf (b) word deur iemand wat regtens bevoeg is om sonder lasbriewe in hegtenis te neem, uitgevoer.

(9) Geen kieser stem meer as een keer by 'n verkiesing nie, ondanks 'n duplisering van sodanige kieser se naam op een of meer kieserslyste.

(10) Indien 'n stemopnemer by 'n stemburo hom vergewis het dat iemand bedoel in subregulasie (3) geregtig is om in die betrokke wyk te stem en vasgestel het dat daar by die verkiesing wat dan gehou word, geen stembrief aan genoemde persoon by sodanige stemburo uitgereik is nie, moet hy—

(a) die volgnommer en naam van die betrokke kieser uitroep soos dit op die kieserslys voorkom;

(4) If any candidate or any agent or any voter makes a declaration on oath before the presiding officer of a polling station stating that a person enrolled on the voters' list is deceased or, being indisposed or absent or otherwise incapacitated, is prevented from attending at such polling station in order to record his vote in the election then being held, the polling officer or officers, as the case may be, shall refuse to hand a ballot paper to any person applying therefore in the name of the person who is the subject of such declaration, unless the said applicant establishes his identity to the satisfaction of the polling officer concerned or makes a declaration on oath before the said presiding officer that he is in fact the person enrolled on the voters' list for the ward, and that the statements made in the first-mentioned declaration which shall be read out to him, are not correct.

(5) (a) The presiding officer at a polling station is hereby authorised to administer any such oath as is required by subregulation (4).

(b) Any person who in any declaration referred to in subregulation (4) makes any false statement, knowing such statement to be false, shall be guilty of an offence.

(6) Subject to the provisions of subregulation (4), no enquiry shall in any election be made about the identity of any person or about his right to vote: Provided that, if any person has established his identity in the manner laid down in subregulation (3), the presiding officer of his own motion may, or, at the request of any candidate or an agent of any candidate, shall before such person is allowed to vote, put to such person either or both of the following questions, but no other, namely:

(a) Are you the person whose name appears as A B on the voter's list for this ward?

(b) In the present election, have you voted in this or in any other ward?

(7) (a) No person shall be permitted to vote who fails to establish his identity in the manner laid down in subregulation (3) or who fails to reply to the question referred to in subregulation 6 (a) in the affirmative unambiguously and unconditionally and to the question referred to in subregulation (6) (b) in the negative unambiguously and unconditionally.

(b) Any person making a false reply to either of the questions referred to in subregulation (6) shall be guilty of an offence.

(8) (a) The presiding officer of a polling station may at such or any other polling station make such enquiries as he may deem expedient for the purpose of verifying a reply to either of the two questions referred to in subregulation (6).

(b) Such presiding officer may further order the arrest without warrant of any person suspected by him on reasonable grounds of having wilfully made a false reply to either of the questions referred to in subregulation (6) or of impersonating any other person as provided in regulation 43.

(c) A presiding officer's order referred to in paragraph (b) shall be carried out by a person competent by law to make arrests without warrant.

(9) No voter shall vote more than once in any election, irrespective of any duplication of such voter's name on one or more voters' list.

(10) A polling officer at a polling station having satisfied himself that a person referred to in subregulation (3) is entitled to vote in the ward concerned, and having determined that in the election then being held no ballot paper has yet been issued to the said person at such polling station, shall—

(a) call out the serial number and name of the voter concerned as these appear on the voters' list;

(b) sodanige volgnommer in die toepaslike ruimte op die teenblad van die stembrief wat aan die kieser uitgereik gaan word, skryf;

(c) genoemde stembrief uitskeur en, indien dit nie die amptelike merk op die keersy dra nie, sodanige merk in die toepaslike ruimte aanbring;

(d) genoemde stembrief vou so dat voorkant daarvan aan die binnekant en die amptelike merk aan die buitekant is, en sodanige stembrief aan genoemde kieser oorhandig; en

(e) op die kieserslys 'n streep trek deur die volgnommer, identiteitsnommer en naam van genoemde kieser, as bewys dat 'n stembrief uitgereik is.

(11) (a) Wanneer die betrokke kieser genoemde stembrief ontvang, neem hy dit na 'n stemhokkie wat vir die doel verskaf is en dui aldaar aan vir welke kandidaat hy stem deur in die geheim 'n kruisie in die vierkant aan te bring teenoor die naam van sodanige kandidaat op sodanige stembrief.

(b) Daarop vou genoemde kieser genoemde stembrief sodat die amptelike merk duidelik aan die buitekant sigbaar is en nadat hy die stembrief so opgevou het dat die betrokke stemopnemer die amptelike merk kan identifiseer, plaas hy die stembrief in die stembus wat voor sodanige stemopnemer staan.

(12) Indien 'n stembrief wat in 'n stembus geplaas staan te word, onopsetlik nie met die amptelike merk gemerk is nie, kan die betrokke stemopnemer sodanige stembrief aldus laat merk.

(13) Indien 'n stemopnemer om enige rede twyfel of 'n stembrief in besit van 'n kieser die stembrief is wat aan hom uitgereik is, kan sodanige stemopnemer met die doel om die onderskeie nommers gedruk op eersgenoemde stembrief en op die teenblad te vergelyk, die genoemde kieser versoek om die nommer op sodanige eersgenoemde stembrief en die amptelike merk op die keersy daarvan aan hom te toon, waarna genoemde kieser aan sodanige versoek moet voldoen.

(14) 'n Kieser moet sonder onnodige versuim sy stem uitbring en moet sodra hy sy stembrief in 'n stembus geplaas het, die betrokke stemburo verlaat.

(15) (a) Indien 'n kieser om enige rede nie in staat is om sy stem op die wyse hierbo voorgeskryf uit te bring nie, kan sodanige kieser die betrokke voorsittende beampte of 'n stemopnemer versoek om sy stembrief namens hom in te vul.

(b) Daarop moet sodanige voorsittende beampte of stemopnemer met behoorlike inagneming van die handhawing van geheimhouding en in teenwoordigheid van een getuie en 'n persoon van genoemde kieser se eie keuse wat hom moet vergesel, aan sodanige kieser die name van die kandidate vir die betrokke wyk voorlees van sy stembrief af en 'n kruisie in die toepaslike vierkant op sodanige stembrief aanbring teenoor die naam van die kandidaat wat mondeling deur sodanige kieser aangedui is, waarna sodanige voorsittende beampte of stemopnemer genoemde stembrief vou en dit in 'n stembus plaas.

(c) By die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie regulasie moet 'n voorsittende beampte of stemopnemer enige dokument of ding verontagsaam wat deur 'n kieser vertoon of getoon word of in 'n kieser se besit is en wat die naam van enige kandidaat vir wie sodanige kieser moet stem of nie moet stem nie, aandui of suggereer of veronderstel is om dit aan te dui of te suggereer.

(16) Indien 'n kieser sy naam op 'n stembrief teken of 'n ander merk daarop aanbring of iets daarop skryf waardeur sodanige stembrief na die mening van die betrokke voorsittende beampte herkenbaar sou word, word sodanige stembrief, wanneer die stemme getel word, geag 'n blanko te wees en word dit nie in berekening gebring nie.

(b) enter such serial number in the appropriate space on the counterfoil of the ballot paper to be issued to the said voter;

(c) tear out the said ballot paper and, if it does not bear the official mark on the reverse, affix such mark in the appropriate space;

(d) fold the said ballot paper so that the front thereof is on the inside and the official mark is on the outside, and hand such ballot paper to the said voter; and

(e) on the voters' list, draw a line through the serial number identity document number and name of the said voter as proof of the issue of a ballot paper.

(11) (a) When the voter concerned has received the said ballot paper, he shall take it to a polling booth provided for such purpose and there, to signify the candidate for whom he wishes to vote, secretly place a cross in the square opposite the name of such candidate on such ballot paper.

(b) Thereupon the said voter shall fold the said ballot paper so that the official mark is clearly visible on the outside and, having so folded up the said ballot paper that the polling officer concerned is able to identify the official mark, shall deposit such ballot paper into the ballot box placed in front of such polling officer.

(12) If any ballot paper about to be deposited into a ballot box has inadvertently not been marked with the official mark, the polling officer concerned may cause such ballot paper to be so marked.

(13) If for any reason a polling officer is doubtful whether a ballot paper in the possession of a voter is the ballot paper issued to him, such polling officer, for the purpose of comparing the respective numbers printed on the first-mentioned ballot paper and on the counterfoil, may request the said voter to show him the number of such first-mentioned ballot paper and the official mark appearing on the reverse thereof, whereupon the said voter shall comply with such request.

(14) A voter shall record his vote without undue delay and, immediately upon depositing his ballot paper into a ballot box, shall leave the polling station concerned.

(15) (a) If for any reason a voter is unable to record his vote in the manner prescribed above, such voter may request the presiding officer concerned or a polling officer to complete his ballot paper on his behalf.

(b) Thereupon such presiding officer or polling officer, with due regard to the maintenance of secrecy and in the presence of one witness and a person of the said voter's own choice who shall accompany him, shall read out to such voter from his ballot paper the names of the candidates for the ward concerned and shall in the appropriate square on such ballot paper, affix a cross opposite the name of the candidate orally signified by such voter, whereupon such presiding officer or polling officer shall fold the said ballot paper and deposit it into a ballot box.

(c) In the performance of his functions under this regulation a presiding officer or polling officer shall disregard any document or thing exhibited or produced by or in the possession of a voter which indicates or suggests or purports to indicate or suggest the name of any candidate for whom such voter is or is not to vote.

(16) If a voter signs his name on any ballot paper or makes or writes thereon any mark or thing by which such ballot paper, could become recognizable, such ballot paper, when votes are counted, shall be deemed to be blank and shall not be taken into account.

Bedorwe stembriewe

21. Indien 'n kieser onopsetlik 'n stembrief bederf, kan hy dit aan die betrokke stemopnemer teruggee, wat, indien hy daarvan oortuig is dat dit onopsetlik bederf is—

(a) aan sodanige kieser 'n ander stembrief gee;

(b) die bedorwe stembrief hou wat hy onmiddellik kanselleer en met die woord "bederf" endosseer; en

(c) die feit dat sodanige bedorwe stembrief aldus gekanselleer is, onverwyld op die teenblad daarvan aanteken.

Aangebode stembriewe

22. (1) Indien iemand wat voorgee dat hy 'n bepaalde kieser is, om 'n stembrief aansoek doen nadat 'n ander persoon oënskynlik in sy naam gestem het, is sodanige aansoeker, nadat hy behoorlik geantwoord het op die vrae wat kragtens of ingevolge regulasie 20 (6) ten tyde van 'n stemming aan kiesers gestel kan of moet word, geregtig om 'n stembrief te merk of dieselfde wyse as enige ander kieser.

(2) 'n Stembrief gemerk uit hoofde van subregulasie (1) word nie in 'n stembus geplaas nie, maar word aan 'n stemopnemer oorhandig, word eenkant gesit in 'n afsonderlike pakket en word nie getel wanneer die stemme getel word nie.

Verifiëring van stembriefopgawe

23. (1) By ontvangs deur 'n verkiesingsbeampte van al die pakette en stembusse van iedere betrokke voorsittende beampte, en nie eerder nie—

(a) ondersoek hy of die seëls in orde is;

(b) gee hy sodanige kandidate of agente as wat teenwoordig is, 'n geleentheid om dieselfde te doen;

(c) maak hy die verseëlde pakkette oop wat die stembriefopgawe bevat;

(d) maak hy elke stembus oop; en

(e) vergelyk hy, ten einde die totale getal stembriewe in die stembriefopgawe wat van die betrokke voorsittende beampte ontvang is te verifieer, sodanige totaal met die getal stembriewe in die betrokke stembus.

(2) Nadat die betrokke verkiesingsbeampte die verifiëring van die onderskeie getalle stembriewe in al die stembusse vir elke stemburo uitgevoer het, en afgesien daarvan of die getalle stembriewe in sodanige stembusse met die getalle wat op voornoemde stembriefopgawes voorkom klop al dan nie, maak hy in teenwoordigheid van sodanige kandidate of agente as wat teenwoordig is, die stembriewe uit al die stembusse vir 'n bepaalde wyk op so 'n wyse deurmekaar dat dit onmoontlik is om vas te stel uit watter stembus 'n bepaalde stembrief geneem is.

(3) Nadat hy hom vergewis het dat al genoemde stembriewe op hul keersy die amptelike merk dra, gaan genoemde verkiesingsbeampte oor tot die tel van die stemme en terwyl hy die stemme tel of laat tel, sorg hy dat genoemde stembriewe met hul voorkante na bo is.

Tel van stemme

24. Vir die doel van die tel van stemme word die stembriewe in pakkette van 50 vasgebind en aan elke sodanige pakket 'n onderskeidende nommer toegeken waarna die stemme ten gunste van elke kandidaat uitgebring, getel word en elke sodanige totaal nagegaan word tot bevrediging van die betrokke verkiesingsbeampte en opgeskryf word.

Spoiled ballot papers

21. If a voter spoils a ballot paper inadvertently, he may return it to the polling officer concerned who, if satisfied of such inadvertence, shall—

(a) give such voter another ballot paper;

(b) retain the spoiled ballot paper which he shall immediately cancel and endorse with the word "spoiled"; and

(c) forthwith record the fact of such cancellation on the counterfoil of such spoiled ballot paper.

Tendered ballot papers

22. (1) If a person representing himself to be a particular voter applies for a ballot paper after another person has apparently voted in his name, such applicant, upon duly answering the questions permitted or required by regulation 20 (6) to be asked of voters at the time of polling, shall be entitled to mark a ballot paper in the same manner as any other voter.

(2) A ballot paper marked by virtue of subregulation (1) shall not be deposited into a ballot box but shall be handed to the polling officer, shall be set aside in a separate packet and shall not be counted when votes are counted.

Verification of ballot paper returns

23. (1) Upon receipt of all packets and ballot boxes from every presiding officer concerned, and not before, an electoral officer shall—

(a) examine whether the seals are in order;

(b) afford such candidates or agents as may be in attendance an opportunity to do the same;

(c) open the sealed packets containing the ballot paper return;

(d) open each ballot box; and

(e) in order to verify for each ballot box the total number of ballot papers stated in the ballot paper return of the presiding officer concerned, compare such total with the number of ballot papers in the ballot box concerned.

(2) Upon completing the verification of the respective numbers of ballot papers in all the ballot boxes for each polling station, the electoral officer concerned, whether or not the numbers of ballot papers in such ballot boxes have been found to correspond to the numbers appearing on the ballot paper returns, aforesaid shall, in the presence of such candidates or agents as may be in attendance so mix together the ballot papers from all the ballot boxes for a particular ward that it is impossible to determine from which ballot box any particular ballot paper has been taken.

(3) The said electoral officer, upon satisfying himself that the official mark appears on the reverse of all the said ballot papers, shall proceed to the counting of votes and, while counting votes or causing them to be counted, shall ensure that the said ballot papers are kept with their faces upwards.

Counting of votes

24. For the purposes of the counting of votes, the ballot papers shall be fastened together in packets of 50 and each such packet shall be assigned a distinctive number, whereupon the votes cast for each candidate shall be counted and each such total shall be checked to the satisfaction of the electoral officer concerned and be recorded.

Stembriewe wat verwerp moet word

25. (1) 'n Verkiesingsbeampte verwerp 'n stembrief as ongeldig en tel dit nie indien sodanige stembrief—

(a) nie die amptelike merk daarop het nie;

(b) stemme vir meer as een kandidaat toon;

(c) ongemerk is of wat weens onsekerheid ongeldig is; of

(d) enige skrif of merk daarop het waardeur 'n kieser op 'n ander wyse geïdentifiseer kan word as op die wyse in hierdie regulasies bepaal.

(2) Behoudens die bepalings van subregulasie (1) verwerp 'n verkiesingsbeampte nie 'n stembrief waarop 'n kieser op 'n ander wyse as by wyse van 'n kruisie duidelik aangedui het vir watter kandidaat hy stem nie.

(3) 'n Verkiesingsbeampte endoseer die woord "verwerp" op 'n stembrief wat hy as ongeldig verwerp.

Beswaar teen aanname of verwerping van stembrief

26. (1) Indien 'n kandidaat of 'n agent beswaar maak teen die aanname van 'n stembrief, endosseer die betrokke verkiesingsbeampte op sodanige stembrief die woorde "beswaar geopper teen aanname".

(2) Indien 'n kandidaat of 'n agent beswaar maak teen die verwerping van 'n stembrief, endosseer die betrokke verkiesingsbeampte op sodanige stembrief die woorde "beswaar geopper teen verwerping".

Bekendmaking van uitslag van verkiesing

27. So gou doenlik nadat hy bepaal het watter kandidaat die grootste getal stemme in 'n wyk verkry het, verklaar die betrokke verkiesingsbeampte in die openbaar sodanige kandidaat behoorlik verkose.

Prosedure waar kandidate gelyke getal stemme gekry het

28. (1) Indien daar bevind word dat die getal stemme wat twee of meer kandidate vir verkiesing in 'n wyk gekry het, gelyk is en die uitslag van die verkiesing daardeur geraak word, moet die betrokke verkiesingsbeampte die uitslag deur loting vasstel en vir daardie doel—

(a) die name van alle persone tussen wie 'n keuse gedoen moet word, skryf op stukke papier van gelyke grootte en eenderse vorm en kleur;

(b) die stukke papier in paragraaf (a) bedoel vertoon aan elke persoon wat teenwoordig is op die plek waar die loting uitgevoer word en wat enige sodanige stuk papier wil inspekteer en daarna elke sodanige stuk papier op so 'n wyse vou dat die name daarop nie sigbaar is nie en dit in 'n leë houer plaas;

(c) 'n onpartydige persoon aanstel om die getal stukke papier in paragraaf (b) bedoel, uit die houer te trek wat nodig is vir die doel van die loting;

(d) die houer in paragraaf (b) bedoel op so 'n wyse skud dat die stukke papier daarin deeglik deurmekaar gemaak word en die houer in so 'n posisie hou dat die persoon ingevolge paragraaf (c) aangestel, nie die stukke papier in sodanige houer kan sien nie;

(e) die persoon ingevolge paragraaf (c) aangestel, gelas om 'n stuk papier uit die houer te trek en sonder om sodanige stuk papier aldus uit die houer getrek oop te vou, dit aan hom te oorhandig; en

(f) moet nadat elke stuk papier uit die houer getrek is, sodanige stuk papier oopvou, die naam of woorde daarop geskryf, voorlees en elke sodanige stuk papier vertoon aan elke persoon wat teenwoordig is op die plek waar die loting uitgevoer word en wat enige sodanige stuk papier of al sodanige stuk papier wil inspekteur.

(2) Na afhandeling van die prosedure voorgeskryf in subregulasie (1) word die persoon wie se naam getrek is, geag behoorlik verkose te wees.

Ballot papers to be rejected

25. (1) An electoral officer shall reject a ballot paper as invalid, and shall not count it if such ballot paper—

(a) does not bear the official mark;

(b) gives votes to more than one candidate;

(c) is unmarked or owing to uncertainty is invalid; or

(d) bears any writing or mark by which a voter can be identified in a manner other than that provided for in these regulations.

(2) Subject to the provisions of subregulation (1), an electoral officer shall not reject any ballot paper on which a voter, in a manner other than by means of a cross, has signified clearly the candidate for whom he wishes to vote.

(3) On any such ballot paper as he may reject as invalid an electoral officer shall endorse the word "rejected".

Objection to acceptance or rejection of ballot paper

26. (1) If any candidate or any agent objects to the acceptance of a ballot paper, the electoral officer concerned shall endorse on such ballot paper the words "acceptance objected to".

(2) If any candidate or any agent objects to the rejection of a ballot paper, the electoral officer concerned shall endorse on such ballot paper the words "rejection objected to".

Declaration of poll

27. As soon as possible after determining which candidate has obtained the greatest number of votes in a ward, the electoral officer concerned shall in public declare such candidate to have been duly elected.

Procedure where candidates have received an equal number of votes

28. (1) If it is found that the number of votes which two or more candidates for election in any ward have received, are equal and the result of the election is affected thereby, the electoral officer shall determine the result by drawing of lots and for that purpose—

(a) write the names of all persons between whom a choice has to be made on pieces of paper of equal size and similar shape and colour;

(b) show the pieces of paper contemplated in paragraph (a) to each person present at the place where the lottery is performed and who wishes to inspect any such piece of paper and thereafter fold each such piece of paper in such a way that the names thereon are not visible and place them in an empty container;

(c) appoint an impartial person to draw such number of pieces of paper contemplated in paragraph (b) from the container as is necessary for the purpose of the lottery;

(d) shake the container contemplated in paragraph (b) in such a manner that the pieces of paper therein are thoroughly mixed and hold the container in such a way that the person appointed in terms of paragraph (c) cannot see the pieces of paper in such container;

(e) direct the person appointed in terms of paragraph (c) to pull a piece of paper from the container and without unfolding such piece of paper pulled from the container, hand it to him; and

(f) after each piece of paper has been drawn from the container, unfold such piece of paper, read out the name or words written thereon and display every such piece of paper to every person present at the place where the lot is being conducted and who is desirous of inspecting any or all such pieces of paper.

(2) After completion of the procedure prescribed in subregulation (1) the person whose name is pulled out first will be regarded properly elected for that ward.

Bekendmaking van name van verkose lede

29. (1) Sodra die name bekend is van die kandidate wat behoorlik as lede van die plaaslike owerheid verkies is, laat die betrokke verkiesingsbeampte op die kennisgewingbord by die kantoor van die plaaslike owerheid 'n kennisgewing aanbring bevattende 'n lys van die volle name van elke kandidaat aldus verkies tesame met die datum waarop sodanige lid behoorlik verkies is, die naam en nommer van die wyk waarvoor sodanige lid verkies is en die totale getal stemme wat ten gunste van sodanige lid uitgebring is.

(2) 'n Kennisgewing ingevolge subregulasie (1) aangebring, verstrek ten opsigte van elke wyk ook die name van die onsuksesvolle kandidate, die totale getal stemme wat ten opsigte van elke sodanige kandidaat uitgebring is en die getal bedorwe stembriewe.

Beskikking oor verkiesingstukke deur verkiesingsbeampte na afloop van tel van stemme

30. (1) So gou doenlik na afloop van die tel van die stemme en die bekendmaking van die uitslae van die verkiesing, maak 'n verkiesingsbeampte ten opsigte van elke wyk die volgende in afsonderlike pakkette op:

(a) Alle ongebruikte, aangebode en bedorwe stembriewe;

(b) alle getelde stembriewe; en

(c) alle verworpe stembriewe;

en maak hy alle stembriefopgawes, behoorlik geëndosseer met sy bevindings uit sy verifiëring van sodanige opgawes, in 'n afsonderlike pakket op.

(2) 'n Verkiesingsbeampte—

(a) bring aan elke pakket bedoel in subregulasie (1) 'n etiket aan wesenlik soos in Aanhangsel F van hierdie regulasies;

(b) verseël elke sodanige pakket met sy eie seël en laat elke kandidaat of sy agent toe om sy seël daarop aan te bring; en

(c) bewaar sodanige pakkette vir 'n tydperk van ses maande, waarna hy genoemde pakkette vernietig tensy dit by hofbevel voorgelê moet word.

HOOFSTUK V

DIVERSE BEPALINGS

Verkiesingsbeampte hou lys by van persone wat onbevoeg is om te stem

31. (1) 'n Verkiesingsbeampte moet op grond van inligting wat van tyd tot tyd onder sy aandag kom, 'n lys opstel en byhou van die name, adresse en beroepe van alle persone wat, alhoewel hulle andersins kwalifiseer om as kiesers in 'n wyk binne sy regsgebied ingeskryf te word, onbevoeg geraak het om te stem vanweë—

(a) hul skuldigbevinding aan—

(i) enige van die misdrywe opgenoem in artikel 8 (2) (a) en (c) (i) van die Wet;

(ii) 'n korrupte of onwettige bedrywigheid in regulasie 2 (2) bedoel: Met dien verstande dat hulle ten opsigte van sodanige bedrywigheid onbevoeg verklaar is om as kiesers op 'n kieserslys ingeskryf te word of om gedurende 'n bepaalde tydperk by so 'n verkiesing te stem: Met dien verstande voorts dat bedoelde tydperk nog nie verstryk het nie:

(b) die feit dat hulle onderworpe is aan 'n bevel wat ingevolge enige van die bepalings van artikel 8 (2) (c) (ii), (d), (e) of (f) van die Wet uitgevaardig is.

(2) 'n Verkiesingsbeampte teken op 'n lys bedoel in subregulasie (1) teenoor die naam van die betrokkene, die misdryf aan waaraan hy skuldig bevind is.

Publications of names of elected members

29. (1) As soon as the names of the candidates duly elected as members of the local authority have become known, the electoral officer concerned shall cause to be affixed to the notice board at the office of the local authority a notice containing a list of the full names of every member so elected, together with the date on which such member was duly elected, the name and number of the ward for which such member has been elected, and the total number of votes cast in favour of such member.

(2) A notice affixed in terms of subregulation (1) shall reflect also, in respect of each ward, the names of the unsuccessful candidates, the total number of votes cast in favour of each such candidate, and number of rejected ballot papers.

Disposal of electoral matter by electoral officer after the counting of votes has been completed

30. (1) As soon as possible after the completion of the counting of votes and the declaration of the poll, an electoral officer shall make up into separate packets in respect of each ward the following:

(a) all unused, tendered and spoiled ballot papers;

(b) all counted ballot papers; and

(c) all rejected ballot papers;

and shall make up into separate packets all ballot paper returns, duly endorsed with the findings from his verification of such returns.

(2) An electoral officer shall—

(a) affix, to each of the packets referred to in subregulation (1), a label in a form substantially the same as Annexure F to these regulations;

(b) seal each such packet with his own seal and allow each candidate of his agent to affix his seal thereto; and

(c) retain such packets for a period of six months, whereupon he shall destroy the said packets unless they are to be produced by order of a court.

CHAPTER V

MISCELLANEOUS PROVISIONS

Electoral officer to keep list of persons incapacitated from voting

31. (1) An electoral officer shall, on the basis of information brought to his notice from time to time make and keep a list of the names, addresses and occupations of all persons who, though otherwise qualified to be enrolled as voters in any ward within his area of jurisdiction, have been incapacitated from voting by reason of—

(a) their having been convicted of—

(i) any of the offences enumerated in section 8 (2) (a) and (c) (i) of the Act;

(ii) any corrupt or illegal practice referred to in regulation 2 (2): Provided that they have, in respect of such practice, been declared incapable of being enrolled as voters on a voters' list or of voting in any such election during a specified period: Provided further that the said period has not expired;

(b) their being the subject of an order made under any of the provisions of section 8 (2) (c) (ii), (d), (e) or (f) of the Act.

(2) An electoral officer shall enter in a list referred to in subregulation (1), opposite the name of the person concerned, the offences of which such person has been convicted.

Onbelangrike foute raak nie geldigheid van verkiesing nie

32. Geen verkiesing is weens 'n fout of nie-nakoming van die bepalings van hierdie regulasies ongeldig nie indien sodanige verkiesing gehou is ooreenkomstig die beginsels hierin voorgeskryf en sodanige fout of nie-nakoming nie die uitslag geraak het nie.

Bewys dat verkiesing gehou is

33. By aanklag van 'n misdryf ingevolge hierdie regulasies, wat volgens bewering by of in verband met 'n verkiesing begaan is, is 'n sertifikaat van die betrokke verkiesingsbeampte ten effekte dat die verkiesing daarin vermeld aan die gang was of gehou is, voldoende bewys van die feit dat sodanige verkiesing aan die gang was of gehou is.

Sondae en openbare feesdae

34. Wanneer enigiets op 'n bepaalde datum ingevolge hierdie regulasies begin, voltooi of gedoen moet word, en sodanige datum op 'n Sondag val of op 'n dag wat by of kragtens 'n wet tot 'n openbare feesdag verklaar is, moet dit begin, voltooi of gedoen word op die vroegste datum na sodanige Sondag of openbare feesdag wat nie self 'n Sondag of openbare feesdag is nie.

Uitbring van stem deur verbode persone en bemoeiing met kiesers

35. Iemand wat—

(a) by 'n verkiesing stem of iemand anders oorreed of verkry om by 'n verkiesing te stem wetende dat hy of sodanige ander persoon nie by hierdie regulasies gemagtig is om by sodanige verkiesing te stem nie; of

(b) by 'n verkiesing iemand anders opsetlik belemmer, hetsy by 'n stemburo of onderweg daarheen of daarvandaan;

is aan 'n misdryf skuldig.

Onderbreking of versteuring van verrigtinge by verkiesings

36. Iemand wat—

(a) verrigtinge wat met die hou en beheer van verkiesings ooreenkomstig hierdie regulasies in verband staan, opsetlik onderbreek, belemmer of versteur;

(b) op stemdag uitgesonderd vir amptelike doeleindes enige vorm van luidspreker gebruik of wat enige optog van, of betoging deur, persone vorm of reël, of daaraan deelneem;

is aan 'n misdryf skuldig.

Bedrieglike optrede in verband met stembriewe

37. (1) Iemand wat—

(a) 'n stembrief of die amptelike merk op 'n stembrief vervals, namaak of, met die opset om te bedrieg, vernietig;

(b) sonder behoorlike magtiging 'n stembrief verkry of aan 'n ander persoon verskaf;

(c) met die opset om te bedrieg, enige ander stuk papier in 'n stembus plaas as die stembrief wat hy regtens daarin mag plaas;

(d) met opset om te bedrieg, 'n stembrief uit 'n stemburo wegneem; of

(e) sonder behoorlike magtiging 'n stembus of pakket stembriewe wat vir die doel van 'n verkiesing in gebruik is, vernietig, neem, oopmaak of hom op 'n ander wyse daarmee bemoei;

is aan 'n misdryf skuldig.

Immaterial mistakes not affect validity of election

32. No election shall be invalid by reason of any mistake or non-compliance with the provisions of these regulations if such election was conducted in accordance with the principles laid down herein and such mistake or non-compliance did not affect the result.

Evidence of holding of election

33. Upon any charge of an offence under these regulations alleged to have been committed at or in connection with an election, a certificate issued by the electoral officer concerned and worded to the effect that the election identified therein was being or had been held shall be sufficient evidence of the fact that such election was being or had been held.

Sundays and public holidays

34. Whenever under these regulations anything is required to be commenced, concluded or done on a particular date, and such date happens to fall upon a Sunday or a day declared by or under any law to be a public holiday, such thing shall be commenced, concluded or done on the earliest date following such Sunday or public holiday.

Voting by prohibited persons and interference with voters

35. Any person who—

(a) votes or induces or procures any other person to vote in an election knowing himself or such other person not to be permitted by these regulations to vote at such election; or

(b) in an election wilfully obstructs any other person, either at a polling station or on his way thereto or therefrom,

shall be guilty of an offence.

Interrupting or disturbing proceedings at elections

36. Any person who—

(a) wilfully interrupts, obstructs or disturbs any proceedings relating to the holding or control of elections in terms of these regulations:

(b) on polling day uses any form of loudspeaker otherwise than for official purposes or who forms, organises or takes part in any procession of or demonstration by persons;

shall be guilty of an offence.

Fraudulent action in connection with ballot papers

37. (1) Any person who—

(a) forges or counterfeits or with intent to defraud, destroys any ballot paper or the official mark on any ballot paper;

(b) without due authority, obtains a ballot paper or supplies a ballot paper to any other person;

(c) with intent to defraud deposits into any ballot box any paper other than the ballot paper which is authorised by law so to deposit in;

(d) with intent to defraud, removes any ballot paper from a polling station; or

(e) without due authority destroys, takes, opens or otherwise interferes with any ballot box or packet of ballot papers in use for the purpose of an election;

shall be guilty of an offence.

(2) In 'n akte van beskuldiging, 'n dagvaarding of 'n aanklag weens 'n misdryf met betrekking tot stembusse, stembriewe en amptelike merkinstrumente by 'n verkiesing kan verklaar word dat die eiendomsreg op sodanige busse, stembriewe en instrumente by die verkiesingsbeampte by sodanige verkiesing berus.

(3) Indien sodanige verkiesingsbeampte aldus beskuldig of aangekla word, kan verklaar word dat die eiendomsreg van genoemde eiendom by die betrokke plaaslike owerheid berus.

Skending van geheimhouding

38. (1) Iedere beampte, kandidaat of agent wat by 'n stemburo teenwoordig is, moet die geheimhouding van die stemming by sodanige buro handhaaf en help om dit te handhaaf en geen sodanige beampte, kandidaat of agent mag, uitgesonderd vir die een of ander regtens geoorloofde doel, enige inligting aan enigiemand meedeel wat waarskynlik die geheimhouding van die stemming sal verydel nie.

(2) Behoudens die bepalings van hierdie regulasies, mag niemand—

(a) hom met 'n kieser bemoei, of probeer om hom met 'n kieser te bemoei wanneer hy sy stembrief merk nie;

(b) andersins poog om in 'n stemburo uit te vind vir watter kandidaat 'n kieser gaan stem of gestem het nie; of

(c) te eniger tyd aan enigiemand anders enige inligting wat by 'n stemburo verkry is, meedeel nie oor die identiteit van die kandidaat vir wie 'n kieser gaan stem of gestem het of oor die nommer op die keersy van die stembrief wat aan 'n kieser by 'n stemburo uitgereik is.

(3) Niemand mag 'n kieser regstreeks of onregstreeks beweeg om sy stembrief op so 'n wyse te vertoon dat enigeen die naam van die kandidaat vir wie hy sy stembrief gemerk het, te wete kom nie.

(4) Niemand mag op 'n stembrief enige skrif of merk aanbring nie waardeur 'n kieser op 'n ander wyse geïdentifiseer kan word as op die wyse in hierdie regulasies bepaal.

(5) (a) Elkeen wat by die tel van die stemme aanwesig is moet die geheimhouding van die stemming handhaaf en help om dit te handhaaf.

(b) Niemand wat by die tel van stemme teenwoordig is, mag poog om die nommer op die keersy van 'n stembrief uit te vind nie of mag aan iemand anders enige inligting oordra nie wat by sodanige tel van stemme verkry is oor die identiteit van 'n kandidaat vir wie 'n stem op 'n bedorwe stembrief uitgebring is.

(6) Niemand wat by die uitvoering van sy pligte ingevolge hierdie regulasies inligting bekom het oor die identiteit van 'n kandidaat vir wie iemand anders gestem het, mag sodanige inligting openbaar maak nie, uitgesonderd in antwoord op 'n vraag wat wettiglik aan hom gestel is in die loop van verrigtinge in 'n bevoegde hof.

(7) Iemand wat enige van die bepalings van subregulasies (1), (2), (3), (4) of (5) (a) of (b) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Versuim deur verkiesingsbeampte of ander beampte om sy pligte uit te voer

39. 'n Verkiesingsbeampte, voorsittende beampte of stemopnemer wat opsetlik versuim om enige van die pligte uit te voer wat ingevolge die bepalings van hierdie regulasies hom opgelê is, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) In any indictment, summons or charge relating to an offence in connection with ballot boxes, ballot papers and official marking instruments in an election, the ownership of such boxes, papers and instruments, may be stated to vest in the electoral officer in such election.

(3) If such electoral officer is so indicated or charged, the ownership of the said property may be stated to be vested in the local authority concerned.

Infringement of secrecy

38. (1) Every officer, candidate and agent in attendance at a polling station shall maintain, and aid in maintaining, the secrecy of the voting, at such station, and no such officer or candidate or agent shall, other than for a purpose authorised by law, communicate to any person any information likely to defeat the secrecy of the voting.

(2) Subject to the provisions of these regulations, no person shall—

(a) interfere with or attempt to interfere with any voter when such voter is marking his ballot paper;

(b) otherwise attempt at any polling station to ascertain for which candidate any voter is about to vote or has voted; or

(c) at any time communicate to any other person any information obtained at a polling station about the identity of the candidate for whom any voter is about to vote or has voted or about the number on the reverse of the ballot paper given to any voter at a polling station.

(3) No person shall directly or indirectly induce any voter so to display his ballot paper, as to make known to any person the name of the candidate for whom such voter has marked his ballot paper.

(4) No person shall place upon any ballot paper any writing or mark by which a voter can be identified in a manner other than that provided for in these regulations.

(5) (a) Every person in attendance at the counting of votes shall maintain, and aid in maintaining, the secrecy of the voting.

(b) No person in attendance at the counting of votes shall attempt to ascertain the number on the reverse of any ballot paper or shall communicate to any other person any information obtained at such counting about the identity of a candidate for whom a vote has been recorded in any spoiled ballot paper.

(6) No person who, in carrying out his duties under these regulations, has obtained information about the identity of the candidate for whom any other person has voted shall disclose such information except in answer to a question lawfully put to him in the course of proceedings in a competent court.

(7) Any person contravening or failing to comply with any of the provisions of subregulations (1), (2), (3), (4) or (5) (a) or (b) shall be guilty of an offence.

Neglect by electoral officer or other officer to perform his duties

39. An electoral officer, presiding officer or polling officer wilfully failing to perform any of the duties which by the provisions of these regulations he is required to perform shall be guilty of an offence.

Trakteerdery

40. Iemand wat—

(a) op korrupte wyse, hetsy voor, gedurende of na 'n verkiesing, hetsy self of deur 'n tussenpersoon en hetsy regstreeks of onregstreeks aan 'n ander persoon voedsel, drank, vermaak, inwoning of lewensmiddele gee of verskaf, of die koste om dit te gee of te verskaf, ten volle of ten dele betaal—

(i) met die doel om sodanige ander persoon of 'n verdere persoon op korrupte wyse te beïnvloed om sy stem by sodanige verkiesing uit te bring of hom van stemming te onthou; of

(ii) vanweë die feit dat sodanige ander persoon of 'n verdere persoon sy stem by sodanige verkiesing uitgebring het of hom van stemming onthou het of sy stem gaan uitbring of hom van stemming gaan onthou;

(b) 'n kieser is en wat op korrupte wyse voedsel, drank, vermaak, inwoning of lewensmiddele in paragraaf (a) bedoel, ontvang of neem;

is aan 'n misdryf skuldig.

Onbehoorlike beïnvloeding

41. (1) Iemand wat, hetsy self of deur 'n tussenpersoon en hetsy regstreeks of onregstreeks teen 'n ander persoon dwang, geweld of enige beperking gebruik of dreig om dit te gebruik, of 'n ander persoon enige wêreldlike of geestelike leed, skade, kwaad of verlies berokken of dreig om dit berokken of iets ten nadele van 'n ander persoon doen of dreig om dit te doen—

(a) met die doel om sodanige ander persoon te beweeg of te dwing—

(i) om by 'n verkiesing sy stem uit te bring of hom van stemming te onthou;

(ii) om by 'n verkiesing sy stem ten gunste van 'n bepaalde kandidaat uit te bring al dan nie;

(b) vanweë die feit dat sodanige ander persoon—

(i) by 'n verkiesing sy stem uitgebring het of hom van stemming onthou het;

(ii) by 'n verkiesing sy stem ten gunste van 'n bepaalde kandidaat uitgebring het al dan nie;

is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat deur ontvoering, dwang of enige bedrieglike middel die vrye uitoefening van die stemreg deur 'n kieser belemmer of belet of 'n kieser daardeur dwing, beweeg of oorhaal om sy stem by 'n verkiesing uit te bring of hom van stemming te onthou, is aan 'n misdryf skuldig.

(3) Iemand wat binne 'n stemburo deur dreigemente of deur intimidasie of andersins poog om 'n kieser te beïnvloed om sy stem ten gunste van 'n bepaalde kandidaat uit te bring is aan 'n misdryf skuldig.

Omkopery

42. (1) Iemand wat, hetsy self of deur 'n tussenpersoon en hetsy regstreeks of onregstreeks—

(a) op korrupte wyse aan of vir 'n kieser, of aan of vir 'n persoon ten behoewe van 'n kieser, of aan of vir 'n ander persoon, geld of enigiets anders skenk, leen of verkry of ooreenkom om dit te gee, te leen of te verkry of dit aanbied of beloof of beloof om dit te verkry of beloof om te probeer om dit te verkry—

(i) met die doel om sodoende 'n kieser te beweeg om sy stem by 'n verkiesing uit te bring of hom van stemming te onthou; of

(ii) vanweë die feit dat sodanige kieser sy stem by 'n verkiesing uitgebring het of hom van stemming onthou het;

Treating

40. Any person who—

(a) corruptly, whether himself or through an intermediary, whether before or during or after an election and whether directly or indirectly, gives or provides, or pays in full or in part the expense of given or providing, any food, drink, entertainment, lodging or provisions to or for any other person—

(i) for the purpose of curruptly influencing such other person or any further person to cast or abstain from casting his vote in such election; or

(ii) on account of the fact that such other person or any further person has cast or has abstained from casting or is about to cast or to abstain from casting his vote in such election;

(b) being a voter, corruptly accepts or takes any food, drink, entertainment, lodging or provisions referred to in paragraph (a);

shall be guilty of an offence.

Undue influence

41. (1) Any person who whether himself or through an intermediary and whether directly or indirectly, makes use or threatens to make use of any force, violence or restraint or inflicts or threatens to inflict any temporal or spiritual injury, damage, harm or loss upon or against any other person, or does or threatens to do anything to the detriment of any other person—

(a) for the purpose of inducing or compelling such other person—

(i) to cast his vote or to abstain from casting his vote in any election; or

(ii) to cast or to abstain from casting his vote in favour of a particular candidate at any election;

(b) on account of the fact that such other person—

(i) has cast or has abstained from casting his vote in any election; or

(ii) has cast or has abstained from casting his vote in favour of a particular candidate at any election;

shall be guilty of an offence.

(2) Any person who, by abduction, duress or fraudulent device or contrivance, impedes or prevents the free exercise of the franchise by any voter, or thereby compels, induces or prevails upon any voter either to cast or to abstain from casting his vote in any election, shall be guilty of an offence.

(3) Any person who within a polling station attempts by threats or by intimidation or otherwise, to influence any voter to cast his vote in favour of a particular candidate shall be guilty of an offence.

Bribery

42. (1) Any person who, whether himself or through an intermediary and whether directly or indirectly—

(a) corruptly gives, lends or procures, or agrees to give, lend or procure, or offers, promises, or promises to procure, or promises to endeavour to procure, any money or any other thing, to or for any voter, or to or for any person on behalf of any voter, or to or for any other person—

(i) for the purpose of inducing such voter to cast or abstain from casting his vote in any election; or

(ii) on account of the fact that such voter has cast or abstained from casting his vote in any election;

(b) op korrupte wyse aan of vir 'n kieser, of aan of vir 'n persoon ten behoewe van 'n kieser, of aan of vir 'n ander persoon, geld of enigiets anders skenk of leen, of ooreenkom om dit te gee of te leen, of dit aanbied of beloof om dit te verkry of beloof om te probeer om dit te verkry, vir optrede in of deelname aan enige optog of betoging voor, gedurende of na die verkiesing;

(c) aan 'n ander persoon sodanige skenking, aanbod of, belofte doen om vir hom sodanige lening gee, of vir hom sodanige verkryging bewerkstellig of met hom sodanige ooreenkoms aangaan met die doel om sodanige persoon te beweeg om vir 'n bepaalde kandidaat te stem;

(d) teen of ten gevolge van sodanige skenking, lening, aanbod, belofte, verkryging of ooreenkoms, die stem van 'n kieser by 'n verkiesing verkry of onderneem, beloof of probeer om dit te verkry;

(e) aan of vir die gebruik van 'n ander persoon geld voorskiet of betaal, of laat voorskiet of betaal, met die bedoeling dat sodanige geld of 'n deel daarvan by 'n verkiesing aan omkopery bestee moet word, of wat willens en wetens aan 'n ander persoon enige geld betaal of laat betaal ter vereffening of terugbetaling van geld wat ten volle of ten dele by 'n verkiesing aan omkopery bestee is;

(f) voor of gedurende 'n verkiesing, vir homself of ten behoewe van 'n ander persoon, enige betaling of lening ontvang of beding as teenprestasie daarvoor dat hy by sodanige verkiesing gestem het of ooreengekom het om by sodanige verkiesing te stem, of dat hy hom by sodanige verkiesing van stemming onthou het of ooreengekom het om hom van stemming te onthou;

(g) na 'n verkiesing geld ontvang vanweë die feit dat 'n ander persoon—

(i) by sodanige verkiesing sy stem uitgebring het of hom van stemming onthou het; of

(ii) by sodanige verkiesing 'n verdere persoon beweeg het om sy stem uit te bring of hom van stemming te onthou;

(h) (i) met die doel om 'n ander persoon se stem by 'n toekomstige verkiesing te beïnvloed, eiendom oordra of transporteer of betrokke is by die oordrag van transport van eiendom, of enige geld betaal of betrokke is by die betaling van enige geld aan sodanige ander persoon ten einde hom in staat te stel om op 'n kieserslys ingeskryf te word of om by 'n verkiesing te stem; of

(ii) enige geld betaal of betrokke is by die betaling van enige geld tot voordeel van 'n kieser ten einde hom te beweeg om by 'n verkiesing sy stem uit te bring of hom van stemming te onthou;

is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Geen bepaling van hierdie regulasie word uitgelê as sou dit van toepassing wees op geld wat vir of weens *bona fide* en wettig aangegane verkiesingskoste betaal is of volgens ooreenkoms betaal moet word nie.

Uitgegee vir 'n ander

43. Iemand wat—

(a) by 'n verkiesing in die naam van 'n ander persoon, hetsy lewend of afgestorwe, of van 'n denkbeeldige persoon, om 'n stembrief aansoek doen en in die naam van sodanige persoon 'n stem uitbring;

(b) nadat hy een maal 'n verkiesing gestem het, by sodanige verkiesing weer om 'n stembrief aansoek doen;

is aan 'n misdryf skuldig.

(b) corruptly gives, lends or agrees to give or lend, or offers, or promises to procure, or promises to endeavour to procure, any money or any other thing to or for any voter, or to or for any person on behalf of any voter, or to or for any other person, for acting or joining in any procession or demonstration before, during or after any election;

(c) makes any such gift, loan, offer or promise or effects any such procurement or enters into any such agreement to or for or with any person for the purpose of inducing such person to vote for any particular candidate;

(d) upon or in consequence of any such gift, loan, offer, promise, procurement or agreement, procures, or engages or promises or endeavours to procure in the vote of any voter in an election;

(e) advances or pays, or causes to be advanced or paid, any money, to, or for the use of, any other person with the intention that such money, or any part thereof, is to be expended in bribery in any election, or who knowingly pays, or causes to be paid, any money to any other person in discharge or repayment of any money which has in full or in part been expended in bribery in any election;

(f) before or during any election, receives or negotiates any payment or loan on his own behalf or on behalf of any other person in consideration of his voting or agreeing to vote in such election or his abstaining from voting, or his agreeing to abstain from voting, in such election;

(g) after any election received any money on account of the fact that any other person—

(i) has cast his vote or has abstained from casting his vote in such election; or

(ii) has induced any further person to cast or to abstain from casting his vote in such election;

(h) (i) for the purpose of influencing any other person's vote in any future election, conveys or transfers or concerns himself in the conveyance or transfer of any property, or pays or concerns himself in the payment of any money to such other person in order to enable him to be enrolled on a voters' list or to vote in an election; or

(ii) pays or concerns himself in the payment of any money in favour of any voter for the purpose of inducing such voter to cast or to abstain from casting his vote in any election;

shall be guilty of an offence.

(2) Nothing in this regulation contained shall be construed as applying to any money paid or agreed to be paid for or on account of any electoral expenditure *bona fide* and lawfully incurred.

Impersonation

43. Any person who—

(a) in any election applies for a ballot paper in the name of some other person living or dead or of a fictitious person and who records a vote in the name of any such person; or

(b) having voted once in any election, in such election applies again for a ballot paper;

shall be guilty of an offence.

Korrupte verkryging of terugtrekking van kandidatuur

44. Iemand wat—

(a) 'n ander persoon op korrupte wyse beweeg of verkry om, as teenprestasie vir 'n betaling of belofte van watter aard ookal, by 'n verkiesing 'n kandidaat te word of hom as kandidaat terug te trek;

(b) as gevolg daarvan dat hy aldus beweeg of verkry is, by 'n verkiesing 'n kandidaat word of hom as kandidaat terugtrek;

(c) met die doel om die verkiesing van 'n ander kandidaat te bevorder of te bewerkstellig voor of gedurende 'n verkiesing 'n valse verklaring dat 'n kandidaat by sodanige verkiesing teruggetrek het, publiseer wetende dat sodanige verklaring vals is;

is aan 'n misdryf skuldig.

Biljett, plakkate, ensovoorts, moet naam van uitgewer dra

45. (1) Elke biljet, plakkaat, aanplakbiljet, pamflet, omsendbrief en alle ander drukwerk wat op 'n verkiesing betrekking het, moet die naam en adres van die drukker en uitgewer daarvan duidelik leesbaar dra.

(2) Niemand mag sodanige drukwerk wat nie die naam en adres van 'n drukker en uitgewer duidelik leesbaar dra nie, druk uitgee of aanplak of laat druk, uitgee of aanplak nie.

(3) Die eienaar en uitgewer van elke nuusblad moet in sy nuusblad die woord ''advertensie'' as 'n opskrif laat druk by elke artikel of paragraaf—

(a) wat verkiesingstof bevat; en

(b) (i) vir die opneming waarvan betaal is of gaan word;

(ii) vir die opneming waarvan 'n beloning of vergoeding gegee is of gaan word of 'n belofte van beloning of vergoeding gedoen is of gaan word.

(4) Die woord ''verkiesingstof'' in subregulasie (3) gebesig, omvat alles wat, na die uiterlike geoordeel, bedoel of daarop bereken is om die uitslag van 'n verkiesing te beïnvloed, asook enige verslag van 'n toespraak van 'n kandidaat, indien daar vir die opneming van sodanige verslag betaal is of gaan word.

(5) Elke verslag, brief, artikel, biljet, plakkaat, aanplakbiljet, pamflet, omsendbrief en spotprent en alle ander drukwerk (hieronder in hierdie regulasie 'n nuusbladartikel genoem) wat, na die uiterlike geoordeel, bedoel of daarop bereken is om die uitslag van 'n verkiesing van lede van 'n plaaslike owerheid te beïnvloed, wat in 'n nuusblad opgeneem word of op 'n ander wyse geproduseer word en wat op of na die datum van die aanvang van sodanige verkiesing gepubliseer word, moet onderaan die volle naam en adres dra van die persoon deur wie sodanige nuusbladartikel geskryf of geproduseer is: Met dien verstaande dat—

(a) 'n nuusbladartikel wat soos voormeld in 'n nuusblad opgeneem word en wat wesenlik deur die redakteur van sodanige nuusblad verander is, deur sodanige redakteur onderteken mag word;

(b) in die geval van 'n verslag van 'n openbare vergadering wat deur twee of meer persone gesamentlik geskryf is, dit by die toepassing van hierdie subregulasie voldoende is as sodanige verslag in sy geheel op die voorbladsy daarvan die volle name en adresse dra van die persone deur wie dit geskryf is; en

(c) in die geval van 'n opskrif by 'n nuusbladartikel wat soos voormeld in enige uitgawe van 'n nuusblad opgeneem is, en in die geval van 'n biljet, plakkaat of aanplakbiljet wat op sodanige opskrif betrekking het en wat volgens die gewone gebruik van sodanige nuusblad

Corrupt procurement or withdrawal of candidature

44. Any person who—

(a) corruptly induces or procures any other person to become a candidate or to withdraw as a candidate in any election in consideration of any payment or promise of any nature;

(b) becomes a candidate or withdraws as a candidate in any election as a result of such inducement or procurement;

(c) for the purpose of promoting or securing the election of another candidate, before or during an election publishes a false statement of the withdrawal of a candidate from such election, knowing such statement to be false;

shall be guilty of an offence.

Bills, placards, etc., to bear publisher's name

45. (1) Every bill, placard, poster, pamphlet and circular and all other printed matter having reference to an election shall bear the name and address of the printer and publisher thereof in a clearly legible form.

(2) No person shall print, publish or post up, or cause to be printed, published or posted up, any such printed matter failing to bear the name and address of the printer and publisher thereof in a clearly legible form.

(3) The proprietor and publisher of every newspaper shall cause the word ''advertisement'' to be printed in his newspaper as a headline to each article or paragraph—

(a) which contains electoral matter; and

(b) (i) the insertion of which has been or is to be paid for; or

(ii) for the insertion of which any reward or compensation has been or is to be given or any promise of reward or compensation has been or is to be made.

(4) The word ''electoral matter'' used in subregulation (3) shall mean all matter which on the face of it is intended or calculated to affect the result of an election, including any report of a speech of a candidate if the insertion of such report has been or is to be paid for.

(5) Every report, letter, article, bill, placard, poster, pamphlet, circular and cartoon and all other printed matter (hereinafter in this regulation referred to as a newspaper article) which, on the face of it, is intended or calculated to affect the result of an election of members of a local authority, which is inserted in any newspaper or otherwise produced and which is published on or after the date of commencement of such election shall bear at the foot thereof the full name and address of the person by whom such newspaper article has been written or produced: Provided that—

(a) any newspaper article which is inserted in a newspaper as aforesaid and which has been altered materially by the editor of such newspaper may be signed by such editor;

(b) in the case of a report of public meeting written jointly by two or more persons, it shall be sufficient for purposes of this subregulation if such report as a whole bears upon the front page thereof the full names and addresses of the persons by whom it has been written; and

(c) in the case of a headline to any newspaper article which is inserted in any issue of a newspaper as aforesaid, and in the case of any bill, placard or poster having reference to such headline and published in the ordinary practice of such newspaper it shall be sufficient for pur-

uitgegee word, dit by die toepassing van hierdie subregulasie voldoende is as die volle name en adresse van die persone deur wie sodanige opskrif, biljet, plakkaat of aanplakbiljet geskryf is, tesame met 'n verklaring dat genoemde opskrif, biljet, plakkaat of aanplakbiljet deur genoemde persone geskryf is, gepubliseer word in sodanige uitgawe van genoemde nuusblad.

(6) By die toepassing van hierdie regulasie word 'n verkiesing geag 'n aanvang te geneem het op die datum van eerste afkondiging van die kennisgewing in regulasie 10 (2) bedoel.

(7) Iemand wat 'n bepaling van hierdie regulasie oortree of versuim on daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Publikasie van kennisgewing

46. Wanneer 'n kennisgewing ingevolge hierdie regulasies by die kantoor van 'n plaaslike owerheid aangebring moet word, is dit voldoende—

(a) waar 'n plaaslike owerheid ingestel is en fungeer, om sodanige kennisgewing aan te bring op die erkende kennisgewingbord van sodanige plaaslike owerheid of indien geen sodanige kennisgewingbord beskikbaar gestel is nie, op die hoofbuitedeur van die kantoor van die hoofuitvoerende beampte van sodanige plaaslike owerheid;

(b) waar geen plaaslike owerheid ingestel is of fungeer nie, om sodanige kennisgewing aan te bring op 'n opvallende plek binne die betrokke gebied.

Gelde betaalbaar aan verkiesingspersoneel en ten opsigte van verkiesingsdienste

47. Daar word aan 'n verkiesingsbeampte, 'n stemopnemer en die ander personeel wat kragtens hierdie regulasies aangestel is vir die doeleindes van 'n verkiesing of aan enigeen wat ten opsigte van 'n verkiesing dienste lewer sodanige bedrae betaal as wat die direkteur van tyd tot tyd bepaal.

Algemene strafbepaling

48. Iemand wat skuldig bevind word aan 'n oortreding ingevolge hierdie regulasies is strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

Herroeping

49. Die regulasies wat onder Goewermentskennisgewing R. 1750 op 12 Augustus 1983 gepubliseer is, word hierby herroep.

13/3/1/3

AANHANGSEL A

Naam van plaaslike owerheid: .....

Nominasie van kandidaat

Ons, die ondergetekendes, wat in wyk..... woonagtig is en aldaar as kiesers geregistreer is, nomineer hierby (naam van kandidaat).....

vir verkiesing as lid van die..... plaaslike owerheid, en as verteenwoordiger van genoemde wyk.

Naam (in blokletters)	Identiteitsnommer	Adres	Handtekening
1.	.....	.....	.....
2.	.....	.....	.....
3.	.....	.....	.....

poses of this subregulation if the full names and addresses of the persons by whom such headline, bill, placard or poster has been written, together with a statement that the said headline, bill, placard or poster has been written by the said persons is published in such issue of the said newspaper.

(6) For purposes of this regulation an election shall be deemed to have commenced on the date of first publication of the notice referred to in regulation 10 (2).

(7) Any person contravening or failing to comply with any provision of this regulation shall be guilty of an offence.

Publication of notices

46. Whenever under these regulations a notice has to be affixed at the office of a local authority, it shall be sufficient—

(a) where a local authority has been established and is functioning, to affix such notice to the recognized notice board of such local authority or, if no such notice board has been made available, to the principal outer door of the office of the chief executive officer of such local authority;

(b) where no local authority has been established or is functioning, to affix such notice on a conspicuous place within the area concerned.

Fees payable to electoral staff and in respect of electoral services

47. There shall be paid to an electoral officer, a polling officer and such other staff as may have been appointed under these regulations for the purposes of an election, or to any person rendering services in respect of an election, such amounts as the director may from time to time determine.

General provision

48. Any person convicted of an offence under these regulations shall be liable to a fine not exceeding R500 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months.

Repeal

49. The regulations published under Government Notice R. 1750 on 12 August 1983 are hereby repealed.

13/3/1/3

ANNEXURE A

Name of local authority .....

Nomination of candidate

We, the undersigned, resident in ward..... where we are registered as voters, hereby nominate (name of candidate) .....

for election to be member of the ..... local authority and to represent the said ward.

Name (in block) letters)	Identity number	Address	Signature
1.	.....	.....	.....
2.	.....	.....	.....
3.	.....	.....	.....

Aanvaarding van nominasie deur kandidaat

Ek .....
identiteitsnommer.....
woonagtig te .....
aanvaar hierby bostaande nominasie vir verkiesing.

.....
Kandidaat se handtekening .....
Datum

AANHANGSEL B

Naam van plaaslike owerheid .....
.....

